# APK NUUSBRIEF

**UITGAWE 17 - APRIL 2022**

## BEGUNSTIGDE NOMINASIES




**Onthou om u begunstigde nominasies op datum te hou!**

Die spaar-gedeelte kan op die Acravest toep gewysig word. Om die versekerings-dekking te wysig, voltooi die Versekeraar nominasie vorm. Indien u die Versekeraar nominasie vorm benodig, stuur 'n e-pos aan admin@iretire.co.za

## ACRAVEST TOEP

Om toegang tot u fonds voordele te verkry, laai die Acravest toep af. U beleggings word daagliks opgedateer en u kan op enige datum u voordele staat aflaai.

## DIE AFTREEFONDS LANDSKAP, 'N OORSIG VAN DIE BELANGRIKE ONTWIKKELINGE



Toegang tot aftree-spaargeld vir lede (vervolg van die Desember uitgawe): Die staat het laat in Desember hul insette oor hierdie saak uitgereik vir kommentaar. Die staat hoop om wetgewing voor te berei wat op die 1ste Maart 2023 in werking sal tree.

Die idee van hierdie wetgewing is om aan die lid een maal per jaar toegang te gee tot 'n gedeelte van hul toekomstige opgehoopte spaargeld. Tesame met hierdie toegewing, word voorgestel dat 'n lid nie toegelaat word om hul spaargeld te onttrek indien hulle in die toekoms bedank of afgelê word nie.

Ons glo dat die kombinasie van hierdie twee beginsels die koers waarteen spaargeld bewaar word vir aftrede, sal verbeter.

Dit is belangrik om te onthou dat veranderinge aan aftreefonds wetgewing historiese regte beskerm en daarom sal die wetgewing slegs toekomstige opgehoopte spaargeld affekteer (na die 1ste Maart 2023).


## VERANDERING VAN ACRAVEST SE PLATFORM FOOI


Acravest het die besluit geneem om veranderinge te maak aan die strukturering van die platform fooi wat van lede van die fondse verhaal word. Tans beloop die platform fooi 0.10% jaarliks van die spaargeld op lid-rekening vlak, beperk tot 'n minimum van R2 per maand en 'n maksimum van R20.29 per maand. Die minimum en maksimum bedrae sal gewysig word na R10 en R35 onderskeidelik vanaf 1 Mei 2022. Hierdie verandering is nodig om te verseker dat die waarde wat tans vir die lede toegevoeg word deur die beleggings platform, in die toekoms volgehou kan word.




# BELEGGINGS-TERUGVOER

## 'n Verspreidingsdiagram vir die laaste jaar, 3 jaar en 5 jaar se statistiek:






Soos altyd kyk ons hoe die beleggings-strategieë op ons beleggings-platform gevaar het. As verwysing het ons die een jaar verspreidingsdiagram ingesluit. Dit is nie ons bedoeling om u te verwar deur die 1 jaar verspreidingsdiagram in te sluit nie, maar eerder om die dinamika van lang-termyn stabiele groei teenoor wisselvallige kort-termyn prestasie ten toon te stel.

Dit moet in ag geneem word dat baie van die fondse herstel het van 'n lae basis in die afgelope jaar. Die beste voorbeeld hiervan is die "Prudential inflation plus" fonds: Op die vyf jaar grafiek onderpresteer die strategie teenoor sy eweknieë, met hoë wisselvalligheid, anders as wat die geval is oor een jaar. Alhoewel dit voorkom asof hierdie strategie beter presteer wanneer 'n mens oor een jaar daarna kyk, is dit nie noodwendig waar vir die lang termyn nie. Neem kennis dat die hoë eenjaar opbrengs ingesluit is in die 5 jaar opbrengs. Lede moet daarop let om nie na die kort termyn prestasie van 'n strategie te kyk wanneer hulle langtermyn belegging-strategieë vergelyk nie.

Ons sien dat op-risiko strategieë bo die risiko-vrye koers beweeg (die stippellyn rondom die 7.5% opbrengs merk op die een jaar grafiek) op die een jaar en drie jaar grafiek. Ons is besig om uit 'n lang tydperk te beweeg waar ons nie voldoende groei gesien het om te kompenseer vir risiko's wat op beleggings geneem is nie.

**Belegging-bespreking:**

Daar is drie ontwrigtende ingrepe wat tans bydra tot die normale uitdagings van professionele beleggingsbestuurders. Eerstens, ons is besig om uit die COVID pandemie te beweeg. Alhoewel dit lyk of die pandemie so te sê agter ons is, is daar steeds 'n moontlikheid van onvoorsiene toename in die voorkoms van die siekte. Tweedens, is daar buitengewone hoë inflasie vlakke regoor die wêreld, wat beteken dat die wêreld ekonomie nie werklik in balans is wanneer dit kom by vraag en aanbod nie. Ons is dus in 'n opwaartse rentekoers siklus, wat bate-pryse sal affekteer en dus ook beleggingsmarkte. Derdens is daar die oorlog tussen die Oekraïne en Rusland. Hierdie konflik het reeds 'n dramatiese impak op die wêreld ekonomie gehad, met hoofsaaklik die pryse van brandstof en gas wat verhoog. Die Oekraïne is ook 'n groot graan produsent en Rusland 'n groot kunsmis produsent. Prysverhogings as gevolg van die oorlog, op basiese voedsel en energie werk mee om die reeds bestaande inflasie druk in die wêreld ekonomie verder te stimuleer. Sentrale banke het 'n groot taak om inflasie onder beheer te bring, en rentekoers verhogings is een van die instrumente wat hulle kan gebruik, wat verbruikers van skuld onder druk plaas en batewaardes in beleggingsportefeuljes beïnvloed.

As gevolg van die bogenoemde redes is dit weereens belangrik om na die langtermyn vooruitsig van 'n belegging-strategie te kyk.

# U FONDS (IRETIRE PENSIOEN FONDS EN IRETIRE AFTREE FONDS)

Veranderinge in wetgewing in Maart 2021 het aan ons die geleentheid gegee om die iRetire Pensioen fonds en iRetire Aftree Fonds (voorheen die iRetire Voorsorg Fonds) te konsolideer. Die langtermyn effek van hierdie konsolidasie is dat "ekonomie van skaal" tot gevolg sal hê dat daar 'n beperking op kostes/kosteverhogings vir lede sal begin materialiseer.

| | iRetire Pension | iRetire Provident |
|---|---|---|
| **Asset Growth in value** | **32.9%** | **27.8%** |
| **Trustees** | CJ de Jager (Voorsitter)<br>CJ Jansen van Rensburg<br>FA Gerber<br>GJ Jansen van Rensburg<br>KB Motsukunyane<br>MS Makgoba<br>PC Kruger<br>CJ Potgieter | |
| **Hoofbeampte** | R de Klerk | |
| **Finansiële jaareinde** | 31 August | |
| **Oudit verslag** | 31 August 2021: Ongekwalifiseerd | |
| **Aktuariële verslag** | Die Fonds is vrygestel van aktuariële waardasies | |
| **Ouditeur** | Middel & Partners | |
| **Aktuaris** | D Gounden | |